WASE-BREËRIVIER WYNLAND
BREEDE RIVER WINELANDS
MUNISIPALITEIT ~ MUNICIPALITY ~ UMASIPALA

Posbus 24 PO Box
Montagu
6720

~ KANTOOR • MONTAGU • OFFICE ~

023-6141112
023-6141841
E-Pos montagumun@lando.co.za E-Mail

Ons Verw Nr / Our Ref No
Isalathiso 16/1/2/1

Navrae / Enquiries
Imibuzo
Mnr M Oosthuizen

2 Augustus 2002

Malan en Genote
Posbus 650
**ROBERTSON**
6705

Geagte mnr Malan

**VOORGESTELDE AFWYKING:- GEDEELTE 4 VAN DIE PLAAS ZANDBERGFONTEIN NR 97, ROBERTSON**

My eendersgenommerde skrywe gedateer 12 Junie 2002 het betrekking.

U kliënt is skriftelik in kennis gestel dat hy Artikel 39(1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) oortree indien die eiendom aangewend word vir die doel waarvoor die grondgebruiksreg nog nie bekom is nie.

Na ontvangs van 'n skrywe vanaf BolandPlan Stads- en Streekbeplanning gedateer 31 Julie 2002, word die aanmaning vir 'n afwykende gebruik herevalueer. Met ingang van die datum van inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie, 1 Julie 1986, word alle grond in Artikel 8 vermeld, geag soneer te wees in ooreenstemming met die aanwending daarvan, soos deur die betrokke Raad bepaal. Volgens die rekords beskikbaar by Departement van Mineraal en Energie is daar reeds in 1973 begin met die myn van sand. Die rekords soos ingedien word as voldoende beskou en kan aanvaar word dat u kliënt ingevolge Artikel 14 van Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning gedeeltelik op Gedeelte 4 van die Plaas Zandbergfontein Nr 97, Robertson vir die spesifieke doel gesoneer te wees. Die oppervlakte van die area huidiglik in gebruik vir die myn van sand sal beskou word as soneer te wees vir 'n Nywerheidsone III (sandmyn).

Gevalle is onder die Provinsiale Regering se aandag gebring dat mynaktiwiteite, wat lank tevore reeds goedgekeur is, se werking sodanig uitgebrei is dat hierdie aktiwiteite nie meer aan beplannings- of omgewingswetgewing voldoen nie. Hierdie Raad is versoek om te verseker dat alle myne voldoen aan beplannings- en/of omgewingswetgewing en indien nie, om die nodige maatreëls in die verband te tref.

Die bevestiging van u regte is net van toepassing op die bestaande oppervlakte van die myn en laat u dus nie vry om enige verdere uitbreidings aan die bestaande myn sonder toestemming van hierdie Raad te doen nie.

Ek vertrou dat u dit so in orde sal vind en u kliënt diensooreenkomstig sal inlig.

Die uwe

**N NEL**
**MUNISIPALE BESTUURDER**
MO/lm